Die Ryk Man en Lasarus

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B122b

Skriflesing uit: Lukas 16:19-31

Kernvers: 'En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham.'

Hierdie is 'n ware verhaal, nie 'n gelykenis nie maar 'n ware omstandigheid. Want daar WAS 'n ryk man …. en daar WAS 'n bedelaar met die naam van Lasarus.

Ek wil graag met u praat oor 'n saak waaroor mense nie wil praat nie, maar wat elkeen van ons sal moet deurmaak as Jesus sou vertoef om te kom.

Mense wil ook nie graag van sonde en ellende hoor nie, maar eerder van alles wat mooi en goed is. Ons wil ook nie tereggewys word nie maar eerder gekomplimenteer word.

Kom ons kyk wat sê die Woord van God hieroor: die Woord sê nl. dat ons almal gesondig het en dit ontbreek ons aan die heerlikheid van God. Rom. 6:23 sê: 'Die loon van die sonde is die dood…. 'Sonde en dood loop saam. As daar nooit sonde was nie sou daar ook nie die dood gewees het nie.

Om die dood te oorwin moes die sonde oorwin word en daar is net Een wat dit kon doen en dit is ons Here Jesus Christus! Daarom kan ons met diepe ootmoed en dankbaarheid staan voor die ruwe ou kruis. Ons kan Hom nooit genoeg dank dat Hy, die Here Jesus, sonde VIR ons kom word het sodat ons in Hom en deur Hom kan lewe.

Met vrymoedigheid kan ons dus van albei praat nl. van 'sonde' en die 'dood' wetende dat albei is verslane vyande.

Twee ander groot onderwerpe wat hiermee saamgaan is: die Hemel en die Hel. Weereens verkies mense eerder om net van die Hemel te praat… Tog is die Hel so 'n groot werklikheid dat die Here Jesus meer oor die Hel as oor die Hemel gepraat het. Hierdie verhaal is 'n werklike verhaal om vir ons insig te gee m.b.t hierdie uiters belangrike saak……